higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N4

(4090484)

26 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 2 ANTWOORDBLAAIE.

068Q1J2126

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Beantwoord VRAAG 3.1.1–3.1.12 en 4.1 op die ANTWOORDBLAAIE (aangeheg). Skryf jou EKSAMENNOMMER in die ruimte wat voorsien word, maak die antwoordblaaie van die VRAESTEL los en handig dit saam met die antwoordboek in.
5. Grafieke moet groot, netjies en duidelik wees, en mag in potlood gedoen word.
6. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: DIE PLAASBESTUURINLIGTINGSTELSEL

1.1 Noem TWEE aspekte wat belangrik is wanneer 'n mens 'n inventaris opstel. (2 × 2) (4)

1.2 Jou vriend moet 'n plaasbestuurinligtingstelsel vir sy plaas begin.

Noem SEWE stappe wat hy moet volg wanneer hy 'n plaasbestuurinligtingstelsel begin. (7 × 2) (14)

1.3 Noem DRIE belangrike vereistes waaraan 'n plaasbestuurinligtingstelsel moet voldoen om suksesvol te funksioneer. (3)

1.4 Die Departement van Landbou ken 'n plaas aan jou toe, omdat jy as 'n boer met potensiaal beskou word. Die volgende inligting rakende 'n trekker op die plaas word voorsien:

Kosprys	R100 000
Verwagte totale nuttige lewensduur	30 jaar
Verwagte sloopwaarde aan einde van nuttige lewensduur	R7 000
Tydperk reeds in gebruik	13 jaar
Metode om depresiasie te bereken	Reguitlyn

Bereken die volgende en toon alle formules en eenhede:

1.4.1 Die totale bedrag wat gedepresieer moet word (3)

1.4.2 Die jaarlikse depresiasie van die trekker (4)

1.4.3 Die opgelope depresiasie gedurende die 13 jaar van gebruik (3)

1.4.4 Die aanvanklike waarde van die bate in die eerste inventaris (2)

1.4.5 Die bedrag wat vir die volgende 17 jaar van sy nuttige lewensduur gedepresieer moet word (3)

1.5 Mannekragrekords word gebruik om op hoogte te bly van alle kwessies rakende die personeel.

Noem VYF besonderhede wat met betrekking tot mannekrag opgeteken kan word. (5)

1.6 Bespreek die volgende met betrekking tot die reguitlynmetode van depresiasie:

1.6.1 EEN voordeel (2 × 1) (2)

1.6.2 TWEE nadele (2 × 2) (4)

1.7 Wat is die betekenis van *wetenskaplike plaasbestuur*? (3)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2: EKONOMIESE BEGINSELS VAN PRODUKSIE

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 Die marginale/grensproduksie sal aanhou toeneem namate al hoe meer eenhede van insette aangewend word.

2.1.2 In 'n inset/uitsetverhouding is die optimale insetaanwendingsvlak op die vlak waar die maksimum wins bereik word.

2.1.3 Die maksimum wins per hektaar word bereik wanneer die produksie sy maksimum potensiaal bereik.

2.1.4 Totale koste is die som van die totale veranderlike koste en die totale vaste koste.

2.1.5 Die produksiefunksie is die verhouding tussen verskillende hoeveelhede van 'n bepaalde uitset en inset, terwyl ander insette en omstandighede aanhou verander.

2.1.6 Hoe meer die aantal hektaar wat met 'n trekker geploeg word, hoe laer die veranderlike koste van die trekker per hektaar.

(6 × 1) (6)

2.2 Bespreek die volgende produkte/produkverhoudings in landbou:

2.2.1 Gemeenskaplike produkte

2.2.2 Aanvullende produkte


2.2.3 Komplementêre produkte

2.2.4 Antagonistiese produkte

(4 × 3) (12)

Kopiereg voorbehou

2.3 Bestudeer die grafiek hier onder wat drie fases van die produksie van 'n produk uitbeeld en beantwoord die vrae:



2.3.1 In Fase 1, tussen watter punte (A tot D) styg die totale produk (TP) teen 'n stygende koers? (1)

2.3.2 In Fase 1, tussen watter punte (A tot D) styg die totale produk (TP) teen 'n dalende koers? (1)

2.3.3 Is die produksie in Fase 1 irrasioneel of rasioneel? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

2.3.4 Op watter punt (A–D) sal maksimumproduksie bereik word? (2)

2.3.5 Is die produksie in Fase 2 irrasioneel of rasioneel? Staaf jou antwoord. (3)

2.3.6 Is die produksie in Fase 3 irrasioneel of rasioneel? Staaf jou antwoord. (3)

2.4 'n Inset-uitsetverhouding het betrekking op verskeie kombinasies van insette X_1 en X_2 wat dieselfde uitset sal lewer of dieselfde produksie sal oplewer, terwyl ander insette konstant bly

Noem die tipe kombinasie wat in elk van die volgende gevalle beskryf word:

2.4.1 Hierdie substitusie impliseer dat, namate die hoeveelheid van X_1 afneem, al hoe meer eenhede van X_2 nodig is om een eenheid van inset X_1 te vervang.

Teken en benoem 'n grafiek wat hierdie substitusieverhouding uitbeeld.

2.4.2 Hierdie substitusie is waar 'n inset X_1 altyd in dieselfde verhouding met 'n ander inset X_2 vervang kan word ten einde dieselfde produksie te genereer.

Teken en benoem 'n grafiek wat hierdie substitusieverhouding uitbeeld.

2.4.3 Hierdie substitusie gebruik insette in die produksieproses volgens 'n vaste verhouding en geen substitusie vind plaas nie.

Teken en benoem 'n grafiek wat hierdie substitusieverhouding uitbeeld.

2.4.4 Hierdie substitusieverhouding impliseer dat, namate die hoeveelheid van X_1 toeneem, al hoe minder eenhede van X_2 gebruik moet word om een eenheid van inset X_1 te vervang.

Teken en benoem 'n grafiek wat hierdie substitusieverhouding uitbeeld.

(4 × 4) (16)

2.5 Formuleer die Wet van Dalende Grensopbrengs in jou eie woorde. (3)
[50]

VRAAG 3: DIE BOERDERYBALANSSTAAT

3.1 Die volgende inligting is van toepassing op die Langlaagte Farming Enterprise soos op 28 Februarie 2017.

BESKRYWING	WAARDE (R)
Debiteure	15 000
Bemarkbare voorraad	30 000
Aandele by plaaslike koöperasie	100 000
Voertuie	200 000
Toerusting en implemente	150 000
Lewende hawe	100 000
Grond en geboue	550 000
Waarde van gehuurde grond	40 000
Agterstallige Eskom-rekening	20 500
Stoetdiere vir teeldoeleindes	100 000
Telkom vooruitbetaal	2 500
Krediteure	17 000
Bankoortrekking	8 000
Saldo op afbetalingsverkoopstransaksie	70 000
Verbandlening	300 000
Kapitaalverbeteringslening	100 000
Plaagdoder in winkel	2 000
Veevoer aangekoop maar nie gebruik	10 000
Positiewe banksaldo by Standard Bank	35 500

Kopiereg voorbehou

Voltooi die balansstaat op die ANTWOORDBLAD (aangeheg) deur die volgende details in te vul (VRAAG 3.1.1–3.1.12):

3.1.1	Bedryfsbates	(8)
3.1.2	Beleggings en ander	(1)
3.1.3	Roerende bates	(3)
3.1.4	Vaste bates	(1)
3.1.5	Totale bates	(2)
3.1.6	Bedryfslaste	(4)
3.1.7	Mediumtermynlaste	(1)
3.1.8	Langtermynlaste	(3)
3.1.9	Totale laste/skuld	(1)
3.1.10	Netto waarde	(1)
3.1.11	Totale laste en ekwiteit	(1)
3.1.12	Totale kapitaal aangewend	(1)
3.1.13	Gebruik die syfers op die balansstaat en bereken die Totale Buitelandse Kapitaal Aangewend.	(3)

3.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.2.1 Die situasie waar die onderneming se skuld die waarde van die bates oorsrkry, staan bekend as insolvensie.

3.2.2 Die bates van 'n boerderyonderneming is nie altyd gelyk aan die laste nie.

3.2.3 Veemedikasie is bates wat binne een jaar in die produksieproses opgebruik gaan word.

3.2.4 Kapitaalstruktuur verwys na die kombinasie van die belang in die bates van 'n onderneming.

3.2.5 Laste word sistematies rangskik in volgorde van dalende of stygende likiditeit.

(5 × 1) (5)

3.3 Noem TWEE doelwitte daarvan om 'n balansstaat vir die boerderyonderneming op te stel. (2 × 2) (4)

3.4 Verduidelik kortliks die volgende terme: *Batestruktuur, finansieringstruktuur* en *finansiële struktuur*. (3 × 2) (6)

3.5 Bereken jou *netto bates* met behulp van die balansstaat wat jy in VRAAG 3.1 op die ANTWOORDBLAD (aangeheg) voltooi het. Toon al die bewerkings. Noem of jy in 'n gesonde of swak situasie is en staaf jou antwoord. (5)
[50]

VRAAG 4: DIE BOERDRYINKOMSTESTAAT

4.1 Die volgende finansiële inligting en produksiebesonderhede word voorsien vir 'n finansiële jaar van die Happy Hog plaas.

FINANSIËLE INLIGTING	WAARDE (R)
Teelsog by die buurman op krediet gekoop	5 000
Varke aan slagter verkoop – kontant nie ontvang nie	50 000
Varke op veiling verkoop	250 000
Speenvarkies aan skool geskenk vir landbouprojek	6 000
Varke het weens 'n hittegolf gevrek	4 000
Vier varke vir huishoudelike gebruik geslag	4 000
Varke as rantsoen vir werkers geslag	12 000
Waarde van varke aan begin van die jaar	550 000
Waarde van varke aan einde van die jaar	650 000
Waarde van stoetbere aan begin van die jaar	120 000
Waarde van stoetbere aan einde van die jaar	140 000
Voer aangekoop vir die jaar	50 000
Voervoorraad aan begin van die jaar	25 000
Voer aan einde van die jaar	20 000
Aartappels verkoop	550 000
Aartappels aan arbeiders as rantsoen gegee	12 000
Misstof vir aartappels gekoop	7 600
Lone aan permanente arbeiders betaal	86 000
Lone vir seisoenarbeiders	12 000
Rente op lenings	5 400
Depresiasie op toerusting	23 000
Diverse boerderyuitgawes	29 000
Grondhuurgeld vir die gehuurde grond	20 000

Gebruik die finansiële inligting hier bo om die Happy Hog plaas se wins te bereken deur die Boerdery-inkomstestaat op die ANTWOORDBLAD (aangeheg) te voltooi. (31)

4.2 Gee die korrekte term vir elk van die volgende konsepte wat met koste verband hou:

4.2.1 Die netto plaasinkomste van 'n boerderyonderneming minus die vergoeding wat aan die verskaffers van buitelandse kapitaal betaal word

4.2.2 Die geldwaarde van die plaasproduksie oor 'n rekeningkundige tydperk, wat gewoonlik 'n finansiële jaar dek

4.2.3 Die fooi gehef deur 'n uitlener vir die gebruik van geleende geld, gewoonlik uitgedruk as 'n jaarlikse persentasie van die hoofsom

4.2.4 Die bruto produksiewaarde van die onderneming minus produksie-, bemarkings- en administrasiekoste

(4 × 1) (4)

4.3 Bespreek die verskil tussen 'n *brondokument,* 'n *stawende dokument* en 'n *interne dokument*. (3 × 2) (6)

4.4 Bespreek die verskil tussen 'n *ordertjek*, 'n *toondertjek* en 'n *verouderde tjek*. (3 × 2) (6)

4.5 Verduidelik die term *bate*. (3)

[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:**

VRAAG 3.1.1–3.1.12

BALANSSTAAT VAN LANGLAAGTE BOERDERYONDERNEMING
SOOS OP 28 FEBRUARIE 2017

LASTE			BATES		

(27)

ANTWOORDBLAD EKSAMENNOMMER:

VRAAG 4.1

DIE BOERDERY-INKOMSTESTAAT VAN HAPPY HOG PLAAS VIR DIE FINANSIëLE JAAR

	BEDRAG (R)